

Donderdag 26 November

Skrifgedeelte: Amos 7:1-9

Fokusgedeelte: Amos 7:7-8

Vergifnis dring tot bekering en dankbaarheid

Leef jy anders nadat jy die Here om vergifnis gevra het? As Israel hulle nie van hulle sondes bekeer nie, laat Hy sy profeet 'n gesig sien van 'n swerm sprinkane wat in die lentetyd gaan kom net nadat die koring afgesny is vir die koning. Dis 'n slegte tyd, want hulle het nog nie vir hulleself geoes nie. Die klein vegters sal die lande stroop en hongersnood bring vir die volk.

Toe Amos dit besef, pleit hy by die Here om dit tog nie te doen nie. In sy groot lankmoedigheid gee die Here die volk nog 'n kans. Die vraag is net: Het Israel hierdie kans benut of nie? 'n Vraag wat ons onself ook kan afvra as ons bid om vergifnis.

Tog val God se genade op dowe ore. Daarom sien Amos 'n tweede gesig. Die Here roep 'n vuur op om die waterbronne te laat opdroog en die lande te verteer. Moontlik 'n droogte met versengende hittegolwe. Weereens pleit Amos, weereens vergewe die Here, weereens vertrap die volk sy genade. Daarom kom die derde gesig.

Die Here staan by 'n loodregte muur met 'n skietlood. Dis 'n gewiggie aan 'n lyntjie om te kyk of die mure waterpas is of nie. God kom toets Israel se bouwerk, maar dis brouwerk. Die reg is verdraai, die armes is verdruk. Twee maal het Hy in sy genade sy oordeel teruggehou, maar nou kan Hy nie meer nie. Hy gee nie eers vir Amos kans om weer te pleit nie, maar kondig die oordeel oor sy volk aan. Die skewe bouwerk moet afgebreek word, net murasies en puinhope moet oorbly. Omdat sy kerk nie aan die diensvoorwaardes getrou was nie, beëindig Hy nou hulle dienskontrak. Hulle vertrap God se genade!

Wat dink jy sal met my en jou gebeur as ons die genade wat ons in Jesus Christus ontvang het, vertrap? Die Here toets vandag steeds ons bouplanne, ons leefwyses, of dit beantwoord in diep dankbaarheid aan sy genade.

Sing: Psalm 86-1:6, 8

Ds. T.J. Potgieter (Theuns) (Port Elizabeth)